# JAARVERSLAG 2011
# ANNUAL REPORT

Fakulteit Teologie | Faculty of Theology

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

UFS·UV
THEOLOGY
TEOLOGIE

THEOLOGY
TEOLOGIE

UFS·UV

Faculty of Theology Annual Report 2011 | Fakulteit Teologie Jaarverslag 2011
© All Rights Reserved | Alle Regte Voorbehou.

Design and Layout | Ontwerp en Uitleg:
SUN MeDIA Bloemfontein
sunmedia@sunbloem.co.za

# ANNUAL REPORT JAARVERSLAG 2011

Faculty of Theology | Fakulteit Teologie

# INHOUD | CONTENTS


| | |
|---|---|
| Voorwoord | 6 |
| Foreword | 7 |
| Departement Ou Testament | 8 |
| Department of Old Testament | 9 |
| Departement Nuwe Testament | 10 |
| Department of New Testament | 12 |
| Departement Dogmatologie | 14 |
| Department of Dogmatology | 16 |
| Departement Praktiese Teologie | 18 |
| Department of Practical Theology | 20 |
| Departement Ekklesiologie | 22 |
| Department of Church History and Polity | 23 |
| Departement Sendingwetenskap | 24 |
| Department of Missiology | 25 |
| Departement Religiekunde | 26 |
| Department of Religion Studies | 27 |
| Jonathan Edwardssentrum Afrika | 28 |
| Johathan Edwards Centre Africa | 29 |
| Shepherd \| Sentrum vir die Begeleiding van Geestelike Leiers | 30 |
| Shepherd \| Centre for Guiding Spiritual Leaders | 31 |
| Navorsing in die Fakulteit Teologie | 32 |
| Research in the Faculty of Theology | 33 |
| Navorsingspublikasies / Research Publications | 34 |
| *Acta Theologica* | 38 |
| Doktorsgrade toegeken/ Doctorates conferred | 39 |
| Sola Gratia | 41 |

# VOORWOORD

**PERSONEEL**

**Dekaan:** Prof. Francois Tolmie

**Sekundusdekaan:** Prof. Rian Venter

**Direkteur van Yale-UV Jonathan Edwardssentrum:** Prof. Dolf Britz

**Direkteur van Shepherd:** Dr. Gerhard Botha

**Hoofbeampte – Fakulteitsbestuurder:** Me. Henna Nel; Me. Ingrid Mostert

**Uitvoerende Redakteur van *Acta Theologica*:** Dr. Lyzette Hoffman

**Programdirekteur:** Prop. Annelien Labuschagne

**Basiskursus:** Di. Johan Botha, Nzimeni Mbebe

**Kantoorbestuurder – Dekaan:** Me. Martie van Graan; Me. Nathlene van Wyk

**Sekretaresses:** Me. Ronel Ellis; Me. Lena Herselman

**Administratiewe Beampte:** Me. Annelize Dreyer

**Bode:** Me. Story Leeuw

**KONTAKBESONDERHEDE**

**Tel.:** +27(51) 401 2667
**E-pos:** tolmief@ufs.ac.za

Dit is met 'n gevoel van groot dankbaarheid wat die Fakulteit Teologie terugkyk op die jaar 2011. Die jaar het op 'n hoogtepunt afgeskop met die toekenning van 'n eregraad in Teologie aan die bekende Emeritus Aartsbiskop Desmond Tutu. Die besondere geleentheid het nasionaal en internasionaal wyd weerklank gevind. Deur die loop van die jaar is talle ander leiers ook deur die Fakulteit ontvang, as gassprekers of as navorsers. Onder andere het die volgende internasionale besoekers by die Fakulteit besoek afgelê: proff. Jim Corkery (Dublin, Ierland), Ruard Ganzevoort (Vrije Universiteit, Amsterdam), Bonnie Miller-McLemore (Vanderbilt Universiteit, Tennessee), Hans Reinders (Vrije Universiteit, Amsterdam), Eddy van der Borght (Desmond Tutu-leerstoel, Vrije Universiteit, Amsterdam) en Klaas Zwanepol (Emeritus Professor Lutherana, Protestantse Theologische Universiteit, Nederland).

Buiten die normale verloop van sake wat navorsing, onderrig en dienslewering betref, was daar gedurende 2011 ook talle tekens van nuwe groei en ontwikkeling sigbaar: Drie nuwe dosente en drie nuwe ondersteuningspersoneellede is aangestel. Die Fakulteit het twee ekstra NNS-gegradeerdes bygekry, wat die totaal vir die Fakulteit nou op agt te staan bring – 'n besondere prestasie! Navorsingsuitsette vertoon 'n stewige groei. Drie belangrike kongresse het by die Fakulteit plaasgevind: een in Missiologie oor die tema "Good news for the poor", een in Religiekunde oor die tema "Religie en versoening", en een wat gesamentlik deur Kerkgeskiedenis en Dogmatiek aangebied is, oor die tema "Kerk en Samelewing en die Belydenis van Belhar ná 25 jaar. 'n Nuwe Magistergraad in Bybelvertaling is ontwikkel en die eerste studente sal gedurende 2012 ingeneem word. Die Departement Dogmatiek was betrokke by 'n suksesvolle projek oor sake-etiek, in samewerking met die Departement Rekeningkunde. Shepherd het met goeie gevolg uitgereik na 'n groot groep godsdiensleiers (ongeveer 50 verskillende denominasies) in die Vrystaatomgewing en verder 'n samewerkingsooreenkoms met Universal College Outcomes (UCO) gesluit waardeur sommige van Shepherd se kursusse voortaan dwarsdeur Suid-Afrika beskikbaar sal wees op die 21 kampusse van UCO. Teen die einde van die jaar het die Fakulteit ook begin met 'n indringende proses oor epistemologiese verruiming van die Fakulteit – 'n proses wat sal oorloop in 2012.

Om saam te vat: Dit gaan baie goed met die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Die Fakulteit lewer 'n belangrike diens aan die Universiteit, die samelewing en die kerk. 'n Blink toekoms wag!

*Francois Tolmie*
Dekaan

*Me. Glorina Patala het 'n module van die Basiskursus in Teologie suksesvol voltooi.*

*Samesprekings tussen die Fakulteit Teologie en Morija Theological Seminary.*





# FOREWORD

**STAFF**

**Dean:** Prof. Francois Tolmie

**Secundus-Dean:** Prof. Rian Venter

**Director of Yale-UFS Jonathan Edwards Centre:** Prof. Dolf Britz

**Director of Shepherd:** Dr Gerhard Botha

**Chief Officer Faculty Manager:** Ms Henna Nel; Ms Ingrid Mostert

**Executive Editor of *Acta Theologica*:** Dr Lyzette Hoffman

**Programme Director:** Candidate Minister Annelien Labuschagne

**Basic course:** Revs Johan Botha, Nzimeni Mbebe

**Office Manager:** Dean: Ms Martie van Graan; Ms Nathlene van Wyk

**Secretaries:** Ms Ronel Ellis; Ms Lena Herselman

**Administrative Official:** Ms Annelize Dreyer

**Messenger:** Ms Story Leeuw

**CONTACT DETAILS**

**Tel.:** +27(51) 401 2667
**Email:** tolmief@ufs.ac.za

It is with much gratitude that the Faculty of Theology looks back over the year 2011. The year kicked off on a very high note, with the awarding of an honorary degree in Theology to the well known Archbishop Emeritus Desmond Tutu. Tidings of this very special occasion reverberated both nationally and internationally. Many other leaders were also received by the Faculty during the course of the year, either as guest speakers or as researchers. Amongst others, the following international visitors paid visits to the Faculty: Profs Jim Corkery (Dublin, Ireland), Ruard Ganzevoort (Vrije Universiteit, Amsterdam), Bonnie Miller-McLemore (Vanderbilt University, Tennessee), Hans Reinders (Vrije Universiteit, Amsterdam), Eddy van der Borght (Desmond Tutu Chair, Vrije Universiteit, Amsterdam) and Klaas Zwanepol (Emeritus Professor Lutherana, Protestant Theological University, Netherlands.)

Besides the normal course of events during 2011 with regard to research, teaching and service-rendering, numerous signs of new growth and development were evident: Three new lecturers and three new support staff members were appointed. The Faculty obtained two more NRF-graded staff, bringing the total in the Faculty to eight – a particularly noteworthy achievement! Research outputs showed substantial growth. Three important conferences took place at the Faculty: one in Missiology on the theme "Good news for the poor", another in Religion Studies on the theme "Religion and reconciliation", and one that was presented jointly by Church History and Systematic Theology, on the theme "Church and Community and the Confession of Belhar after 25 years". A new Master's degree in Bible Translation was developed and the first students will be registered in 2012. The Department of Systematic Theology was involved in a successful project on business ethics, in cooperation with the Department of Accounting. Shepherd reached out to a large group of religious leaders (in about 50 denominations) in the Free State region with good results, and also concluded a cooperation agreement with Universal College Outcomes to make some of Shepherd's courses available throughout South Africa on the 21 campuses of UCO. At the end of the year, the Faculty also began an in-depth process on the epistemological broadening of the Faculty – a process that will continue in 2012.

To summarise: the Faculty of Theology of the University of the Free State is in very good shape. The Faculty delivers an important service to the University, the community and the church. A bright future awaits!

*Francois Tolmie*
Dean

*Archbishop Desmond Tutu received an honorary doctorate in Theology.*

*Prof. Hans Reinders from the Free University presented a guest lecture on disability. From left to right: Me. Hetsie Veitch, Profs Reinders, Francois Tolmie, Rian Venter.*





# DEPARTEMENT OU TESTAMENT

**PERSONEEL**

**Departementshoof:** Prof. S.D. (Fanie) Snyman

**Navorsingsgenote:** Proff. Hans Ausloos, Arie Leder, Bénédicte Lemmelijn, Eric Peels; Drs. Stefan Fischer, Marius Terblanche

**KONTAKBESONDERHEDE**

**Tel.:** +27(51) 401 2787
**E-pos:** snymansd@ufs.ac.za

Gedurende 2011 het prof. Fanie Snyman twee toekennings ontvang om in die buiteland navorsing te doen. In Julie 2011 is hy toegelaat om as 'n navorsingsgenoot te werk aan die bekende Tyndale House in Cambridge, Engeland, wat oor een van die bes toegeruste biblioteke vir Bybelnavorsing in Europa beskik. Verder het hy ook 'n uitnodiging ontvang om as navorsingsprofessor vir 'n maand lank navorsing te doen aan die teologiese biblioteek van die Calvin Theological Seminary in Grand Rapids, Michigan, VSA.

Prof. Snyman kon tydens sy verblyf aan die Tyndale Fellowship die kongres van die Biblical Theology Study Group bywoon. Tydens die kongres het 'n doktorale student in die Departement (ds. Steve van der Walt) 'n referaat gelewer oor die navorsing waarmee hy besig is met die oog op 'n doktorsgraad.

Die Departement kon gedurende Maart 2011 prof. H.G.L. (Eric) Peels van die Theologische Universiteit Apeldoorn, Nederland, as gasdosent ontvang. Prof. Peels het lesings vir verskillende jaargroepe aangebied en die blootstelling aan die insigte van 'n ander dosent is goed deur die studente ontvang.

Proff. Hans Ausloos van die UCL en Bénédicte Lemmelijn van die KUL in België het vir 'n periode van sewe weke as navorsingsgenote aan die Departement navorsing gedoen met die oog op publikasies in Europese vaktydskrifte en *Festschriften*. Tydens die besoek is waardevolle gesprekke ook gevoer oor tendense in die vakgebied in Europa en kurrikulering.

Die prys vir die beste MDiv-skripsie is verower deur 'n student wat haar skripsie binne die Departement Ou Testament voltooi het. Verder het 'n doktorale student uit Korea sy proefskrif voltooi met 'n ondersoek na vloek en seën in Genesis 49.




*Prof. Fanie Snyman voor die deur van Tyndale House in Cambridge, Engeland.*



*Prof. Eric Peels*

# DEPARTMENT OF OLD TESTAMENT

**STAFF**

**Head of Department:** Prof. S.D. (Fanie) Snyman

**Research Fellows:** Profs Hans Ausloos, Arie Leder, Bénédicte Lemmelijn, Eric Peels; Drs Stefan Fischer, Marius Terblanche

**CONTACT DETAILS**

**Tel.:** +27(51) 401 2787
**Email:** snymansd@ufs.ac.za

During 2011, Prof. Fanie Snyman received two awards to do research overseas. In July 2011 he was permitted to work as a research fellow at the well known Tyndale House in Cambridge, England, which has one of the best-equipped libraries for Bible research in Europe. He also received an invitation to do research for a month as a research professor at the theological library of the Calvin Theological Seminary in Grand Rapids, Michigan, USA.

During his stay for the Tyndale Fellowship, Prof. Snyman was able to attend the Biblical Theology Study Group conference. During this conference, a doctoral student (Rev. Steve van der Walt) delivered a paper on the research that he is conducting for his doctorate.

In March 2011, the Department was privileged to receive Prof. H.G.L. (Eric) Peels of the Theologische Universiteit Apeldoorn, the Netherlands, as guest lecturer. Prof. Peels presented lectures for various year groups and the exposure to the insights of a different lecturer was very well received by the students.

Profs Hans Ausloos of the UCL and Bénédicte Lemmelijn of the KUL in Belgium undertook research in the Department for a period of seven weeks as research fellows, with a view to publications in the European journals and *Festschriften*. During this visit valuable discussions were held on curriculation, as well as on European tendencies in the theological field.

The prize for the best MDiv dissertation was won by a student who completed her studies within the Department of Old Testament. Furthermore, a doctoral student from Korea completed his thesis with an investigation of the curse and the blessing in Genesis 49.

*Profs Hans Ausloos and Bénédicte Lemmelijn*



# DEPARTEMENT NUWE TESTAMENT

PERSONEEL

**Departementshoof:** Prof. Hermie van Zyl

**Dosent:** Prof. Francois Tolmie

**Ereprofessor:** Prof. Peter Lampe

**Buitengewone Professor in Bybelse Spiritualiteit:** Prof. Pieter de Villiers

**Buitengewone Professor in Nuwe-Testamentiese en Kontemporêre Ekklesiologie:** Prof. Stephan Joubert

**Navorsingsgenote:** Proff. Hein Blommestijn, Jos Huls, Andries Snyman, Jan van der Watt, Kees Waaijman, Huub Welzen; Drs. Charlò Camilleri, Alfred Friedl, Louis Herman, Gys Loubser, Kurian Perumpallikunnel

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** (+27)51 401 3023
**E-pos:** vzylhc@ufs.ac.za

Die Departement was bevoorreg om prof. Stephan Joubert te kon aanstel as Buitengewone Professor in Nuwe-Testamentiese en Kontemporêre Ekklesiologie. Dit is 'n aanstelling wat gedeel word met die Departement Praktiese Teologie. Joubert is uitmuntend geposisioneer hiervoor. Hy beskik oor 'n doktorsgraad in Nuwe Testament en publiseer steeds in hierdie veld, maar terselfdertyd is hy ook 'n kenner op die gebied van alternatiewe vorme van kerkwees vandag.

Ingevolge 'n ooreenkoms tussen die UV en die Justo Mwale Theological University College (JMTUC) in Lusaka, Zambië, word 'n gesamentlike magistergraad in Bybelse Studies en Hermeneutiek aangebied. Die eerste groep studente het aan die einde van 2011 afstudeer en sal hulle grade in 2012 ontvang. Die kursus is baie positief deur beide instansies geëvalueer en daar is besluit om 'n nuwe groep in 2013 in te neem.

Nog 'n spesialismagistergraad wat deur die Departement aangebied word, is die MTh in Bybelse Spiritualiteit. Bybelse Spiritualiteit is wêreldwyd 'n nuwe rigting in die studie van die Bybel, en die UV is een van die eerstes wat 'n formele graadkursus op nagraadse vlak hierin aanbied. Prof. Pieter de Villiers, Buitengewone Professor in Bybelse Spiritualiteit in die Departement, is die programleier en dosent. Samewerking geskied ook met die wêreldbekende Titus Brandsma-instituut aan die Radboud-universiteit te Nijmegen, Nederland. Die tweede groep studente het aan die einde van 2011 hulle studies voltooi. Daar is besluit om met 'n derde inname in 2012 voort te gaan en die kursus so uit te brei dat dit ook aspekte van algemene Christelike spiritualiteit, soos spiritualiteitshandelinge en -gebruike, insluit.

Nog 'n eerste: Die Departement het saam met kollegas in die Fakulteit Geesteswetenskappe 'n nuwe magistergraad in Bybelvertaling ontwerp. Die eerste studente word in 2012 ingeneem. Proff. Van Zyl en Tolmie sal vir 'n module oor Nuwe-Testamentiese Teologie en Hermeneutiek verantwoordelik wees.



*Prof. Pieter de Villiers, dosent (middel voor), saam met die studente wat die MTh in Bybelse Spiritualiteit voltooi het.*

# DEPARTEMENT NUWE TESTAMENT

Afgesien van die twee voltydse navorsers, 'n ereprofessor en twee buitengewone professore, spog die departement met nie minder nie as 13 navorsingsgenote, waarvan agt in die buiteland is. In 2010 was die navorsingsuitsette (alle kategorieë) onder die navorsers 23, wat die departement onder die toptien-departemente van die UV plaas wat uitsette betref.

Proff. De Villiers, Van Zyl en Tolmie het gedurende Januarie in Stellenbosch referate gelewer by die tweejaarlikse byeenkoms van die Afrikaans-Nederlandse studiegroep van Nuwe-Testamentici. Die tema het oor mag in die Nuwe Testament gehandel.

In 2011 is navorsingsbesoeke deur die volgende navorsers onderneem: Prof. Pieter de Villiers in die VSA (Dallas en San Francisco) en in Malta met die oog op die reël van 'n spesialiskonferensie oor Bybelse Spiritualiteit in Malta; in Nijmegen, Nederland, vir 'n voordrag by 'n colloquium van die Titus Brandsma-instituut; en in die VSA om die Society of Biblical Literature se jaarlikse kongres in San Francisco by te woon. Prof. Francois Tolmie het ook laasgenoemde kongres bygewoon en hy het ook 'n referaat gelewer by die kongres van die European Association of Biblical Studies in Thessalonika.

Die Departement het vanjaar een doktorale kandidaat gehad wat sy graad ontvang het, te wete dr. Jea-Yeol Jeong. Hy is van Suid-Korea, en het gepromoveer met 'n proefskrif getiteld: "The role of the Lukan parables in terms of the purpose of Luke's Gospel. Perspectives on Christian life". Prof. Van Zyl was die promotor.

Prof. Van Zyl het in Februarie 'n referaat, getiteld "'n Teologie van respek – 'n perspektief vanuit die Lukasevangelie" by die Teologiese Dag van die Fakulteit gelewer. Hy het ook gedien op die redaksie van die *Nuwe Lewende Vertaling*, 'n projek van die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM). Dié Bybel het in November verskyn. Prof. Van Zyl dien ook as voorsitter van die Bloemfonteinse Streekskomitee van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Afgesien hiervan, lewer hy gereelde bydraes in die rubriek "Woord en Perspektief" in *Volksblad*. Verder is Prof. Van Zyl ook benoem op die beplanningskomitee van die *New Living Translation for Africa*. Laasgenoemde is 'n Bybelvertalingsprojek van die wêreldbekende Tyndale House-uitgewers en stel 'n vertaling in die vooruitsig wat afgestem is op die behoeftes van Afrika. Hy het die beplanningsvergadering in Accra, Ghana, in Junie bygewoon. Proff. De Villiers, Tolmie en Van Zyl dien almal op die paneel van vertalers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat tans besig is met 'n nuwe bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel. Hulle het hul onderskeie opdragte, naamlik die vertaling (eerste fase) van Handelinge, Galasiërs en Matteus voltooi. Hierbenewens werk hulle ook aan 'n interliniêre vertaling van die Nuwe Testament, 'n projek van CUM. Prof. Van Zyl het ook in Augustus by die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika opgetree, met 'n referaat oor respek vir die ander as 'n noodsaaklike onderbou van die Evangelie.

# DEPARTMENT OF NEW TESTAMENT

STAFF

**Head of Department:** Prof. Hermie van Zyl

**Lecturer:** Prof. Francois Tolmie

**Honorary Professor:** Prof. Peter Lampe

**Professor Extraordinary in Biblical Spirituality:** Prof. Pieter de Villiers

**Professor Extraordinary in New Testament and Contemporary Ecclesiology:** Prof. Stephan Joubert

**Research Fellows:** Profs Hein Blommestijn, Jos Huls, Andries Snyman, Jan van der Watt, Kees Waaijman, Huub Welzen, Drs Charlò Camilleri; Alfred Friedl, Louis Herman, Gys Loubser, Kurian Perumpallikunnel

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 3023
**Email:** vzylhc@ufs.ac.za

The Department was privileged to be able to appoint Prof. Stephan Joubert as Professor Extraordinary in New Testament and Contemporary Ecclesiology. This appointment is shared with the Department of Practical Theology. Joubert is extremely well positioned for this appointment. He has a doctorate in New Testament, and still publishes in this field, while at the same time being an expert in the field of alternative forms of being a church in the present day.

In terms of an agreement between the UFS and the Justo Mwale Theological University College (JMTUC) in Lusaka, Zambia, a joint Master's degree in Biblical Studies and Hermeneutics is being presented. The first group of students completed their studies at the end of 2011 and will receive their degrees during 2012. The course has been very positively evaluated by both institutions and it has been decided to take in a new group in 2013.

A further specialist Master's degree that is presented by the Department is the MTh in Biblical Spirituality. Biblical Spirituality is, on a worldwide basis, a new direction in the study of the Bible, and the UFS is one of the first universities to offer a formal degree course on postgraduate level in this field. Prof. Pieter de Villiers, Professor Extraordinary in Biblical Spirituality in the Department, is the programme leader and lecturer. Cooperation also takes place with the world renowned Titus Brandsma Institute at the Radboud University at Nijmegen, the Netherlands. The second group of students completed their studies at the end of 2011. There will be a third intake in 2012 and the course will be expanded to include aspects of general Christian spirituality.

Another first: the Department has, in cooperation with colleagues in the Faculty of the Humanities, designed a new Master's degree in Bible translation. The first students will be registered in 2012. Profs Van Zyl and Tolmie will be responsible for a module on New Testament Theology and Hermeneutics.

Apart from the two full time researchers, an honorary professor and two professors extra-ordinary, the Department also boasts with no less than thirteen research fellows, of whom eight are overseas. The research outputs (all categories) amongst the researchers amounted to 23 in 2010, which placed the Department amongst the top ten departments of the UFS in terms of research outputs.

*The first group of students of the Justo Mwale Theological University College who were registered for the MTh in Biblical Studies and Hermeneutics.*



# DEPARTMENT OF NEW TESTAMENT

Profs De Villiers, Van Zyl and Tolmie presented papers at the bi-annual gathering of the Afrikaans-Dutch study group of New Testament academics in Stellenbosch. The theme was power in the New Testament.

In 2011 research visits were undertaken by the following researchers: Prof. Pieter de Villiers to the USA (Dallas and San Francisco) and to Malta with a view to the arranging of a specialist conference on Biblical Spirituality in Malta in 2012; to Nijmegen, the Netherlands: presentation at a colloquium of the Titus Brandsma Institute; to the USA to attend the annual conference of the Society of Biblical Literature in San Francisco. Prof. Francois Tolmie also attended the latter conference and presented a paper at the European Association of Biblical Studies Conference in Thessalonica.

The Department had one doctoral candidate who received his degree, Dr Jea-Yeol Jeong. Dr Jeong is from South Korea, and his thesis is titled: *The role of the Lukan parables in terms of the purpose of Luke's Gospel. Perspectives on Christian life*. Prof. Van Zyl was the promotor.

Prof. Van Zyl presented a paper at the Faculty Theology Day titled: *"'n Teologie van respek – 'n perspektief vanuit die Lukasevangelie"* ["A Theology of respect – a perspective from the Gospel of Luke"]. He also served on the editorial board of the New Living Translation, a project of the Christian Publishing Company (CUM). This Bible made its appearance in November. Prof. Van Zyl served as the chairperson of the Bloemfontein Regional Committee of the Bible Society of South Africa. Besides all of these activities, he makes regular contributions to the *"Woord en Perspektief"* column in the *Volksblad*. Furthermore, Prof. Van Zyl has also been nominated for the planning committee of the *New Living Translation for Africa*. The latter is a Bible translation project of the world renowned Tyndale House Publishers and a translation is envisaged that will respond to the needs of Africa. He attended the planning meeting in Accra, Ghana, in June. Profs De Villiers, Tolmie and Van Zyl all serve on the panel of translators of the Bible Society of South Africa who are currently busy with a new source text orientated Afrikaans translation of the Bible. They have completed their various briefs, namely the first-phase translations of Acts, Galatians and Matthew. Above and beyond this, they are working on an Interliniary Translation of the New Testament; a project of CUM. Prof. Van Zyl appeared at the General Synod of the Dutch Reformed Church in Africa in August, with a paper on respect for others as a necessary substructure of the gospel.



*Profs Nico Koopman (Dean: Theology, University of Stellenbosch) and Hermie van Zyl presented papers at the Theological Day.*

# DEPARTEMENT DOGMATOLOGIE

## PERSONEEL

**Departementshoof:** Prof. Rian Venter

**Dosent:** Me. Anlené Taljaard

**Navorsingsgenote:** Proff. S.A. Strauss, P.C. Potgieter, E.A.J. van der Borght; Drs. F.B. Doubell, J. Theron, H.M. van den Bosch; Di. H.M. van den Bosch, M. Laubscher

## KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 2788
**E-pos:** rventer@ufs.ac.za

Die jaar 2011 was 'n bedrywige en interessante jaar vir die Departement Dogmatologie. Velerlei aktiwiteite het op die gebied van personeel, dosering, navorsing en internasionalisering plaasgevind.

Wat die doseerpersoneel betref, het veral twee gebeure uitgestaan. Die hoof van die Departement, prof. Rian Venter, het sy professorale intreerede gelewer oor die tema: "Speaking God today: The adventures of a rediscovered trinitarian grammar". Voorts het die Departement geskiedenis gemaak met die aanstelling van me. Anlené Taljaard. Sy is die eerste vrou wat as 'n voltydse dosent in die Departement aangestel is. Met haar wye ervaring van openbare teologie word 'n nuwe era by die Departement ingelui.

Buiten die gebruiklike dosering van voorgraadse modules, het die Departement weer baie tyd afgestaan aan die begeleiding van nagraadse studente. Interessante en betekenisvolle navorsing is voltooi. Die PhD-proefskrif van Kevin Staley van die VSA verdien besondere vermelding. Met sy werk getiteld "*Imago dei in machina*? A theological reflection on the ethics of man and machine in communion" het hy indringend etiese kritiek gelewer op huidige tegnologiese verwikkelinge en het hy waarskynlik die eerste teologiese werk in die RSA gelewer oor die sogenaamde begrip van die 'posthumane'. Buiten die begeleiding van hierdie studie, het prof. Venter ook as medepromotor opgetree van W.P. Wahl se proefskrif oor Teologiese Opleiding.

Internasionalisering is 'n belangrike prioriteit vir die Departement en moeite word gedoen om gasdosente uit te nooi om by die Fakulteit op te tree. Nie net word verhoudinge en netwerke gebou nie, maar studente word aan nuwe idees blootgestel. Prof. E. van der Borght, wat 'n Desmond Tutu-leerstoel aan die Vrije Universiteit in Nederland beklee, het meer as 'n maand by die Fakulteit deurgebring; sy navorsing handel oor die kerk en sosiale identiteite. Prof. Klaas Zwanepol, ook van Nederland en 'n Lutherkenner, het lesings oor sy vakgebied gelewer. Prof. Hans Reinders van Amsterdam is 'n internasionale geleerde oor gestremdheid en het 'n fassinerende teologiese lesing hieroor aangebied. Die afgelope paar jaar is die Fakulteit ook besig om goeie verhoudinge met Rooms-Katolieke teoloë te ontwikkel. Prof. Jim Corkery van

*Prof. Rian Venter saam met Honneurs-studente.*



# DEPARTEMENT DOGMATOLOGIE

Dublin, Ierland, het 'n insiggewende lesing gelewer oor die huidige pous Benediktus XVI/Joseph Ratzinger se teologie en merkwaardige ooreenkomste met gereformeerde teologie uitgewys.

Die aanbieding van en optrede by konferensies, waar nuwe kennis gegenereer word, is uiteraard ook belangrik vir die Departement. Vanjaar is daar saam met die Departement Ekklesiologie 'n gespreksgeleentheid gereël oor: "'n Blik op Eenheid, Versoening en Geregtigheid, 25ste bestaansjaar van Kerk en Samelewing, en Die Belydenis van Belhar". Proff. Piet Strauss, Dirkie Smit, en Piet Naudé het as hoofsprekers opgetree.

Prof. Venter het by die Theological Society of South Africa 'n referaat gelewer oor die tema "Towards an ethics of food and eating: The shape of the challenge". Me. Anlené Taljaard het die IRTI internasionale konferensie bygewoon wat te Potchefstroom, RSA, gehou is. Beide Venter en Taljaard het verder by verskeie geleenthede opgetree en populêr akademiese voordragte gelewer, veral waar predikante teenwoordig was. Taljaard het byvoorbeeld in Mamelodi, Pretoria, gepraat oor "Church, public life and globalisation in the reformed tradition", en Venter op Upington oor "Trinitariese herontdekking: Implikasies vir die bediening".

Die volgende algemene aktiwiteite deur die Departement en dosente kan vermeld word: Prof. Venter het besoek gebring aan Morija Theological Seminary, in Lesotho, en die KZN School of Religion and Theology en gesprekke gevoer oor teologiese opleiding en institusionele samewerking. Die Departement was ook betrokke by Projek Alpha saam met die Sentrum vir Rekeningkunde aan die UV en het studenteprojekte oor sake-etiek help evalueer. Verskeie artikels is ekstern vir geakkrediteerde tydskrifte geëvalueer, asook M-verhandelinge en D-proefskrifte vir ander universiteite. Op kerklike gebied is daar etlike kere in gemeentes van verskillende denominasies gepreek.

*Gasdosent: Prof. Van der Borght.*



# DEPARTMENT OF DOGMATOLOGY

STAFF

**Head of Department:** Prof. Rian Venter

**Lecturer:** Ms Anlené Taljaard

**Research fellows:** Profs S.A. Strauss, P.C. Potgieter, E.A.J. van der Borght; Drs F.B. Doubell, J. Theron; H.M. van den Bosch; Revs H.M. van den Bosch, M. Laubscher

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 2788
**Email:** rventer@ufs.ac.za

The year 2011 was a busy but interesting one for the Department of Dogmatology. There were numerous activities in terms of staff, lecturing, research and internationalisation.

With regard to lecturing staff, there were two events that may be highlighted. Head of Department, Prof. Rian Venter, delivered his inaugural speech as professor on the theme: "Speaking God today: The adventures of a rediscovered trinitarian grammar." The Department also made history with the appointment of Ms Anlené Taljaard: she is the first woman to be appointed as a full time lecturer in the Department. With her wide experience in public theology, she has brought a new era to the Department.

Together with the usual lecturing of undergraduate modules, the Department has once again devoted a great deal of time to the assistance of postgraduate students, and much interesting and significant research has been completed. The PhD thesis of Kevin Staley from the USA deserves particular mention. In his work titled "*Imago dei in machina*? A theological reflection on the ethics of man and machine in communion", he has delivered in-depth ethical criticism regarding present-day technological development and has probably also provided the first theological work in South Africa on the concept of the so-called posthuman. Together with his assistance in this study, Prof. Venter also acted as co-promotor for W.P. Wahl's dissertation on Theological Training.

Internationalisation is an important priority for the Department and much trouble is taken to invite guest lecturers to lecture at the Faculty. Not only are relationships and networks built up, but students are exposed to new ideas. Prof. E. van der Borght, who occupies a Desmond Tutu chair at the Free University in the Netherlands, spent more than a month at the Faculty; his research deals with the church and social identities. Prof. Klaas Zwanepol, also from the Netherlands and an expert on Luther, delivered lectures in his field of expertise. Prof. Hans Reinders from Amsterdam is an international expert on disability and presented a fascinating theological lecture on this subject. Over the past year, the Faculty has also been busy developing good relationships with Roman Catholic theologians. Prof. Jim Corkery of

*Guest lecturer: Prof. Zwanepol.*



# DEPARTMENT OF DOGMATOLOGY

Dublin, Ireland, delivered an insightful lecture on the theology of the current pope, Benedictus XVI/Joseph Ratzinger, pointing out noteworthy similarities to reformed theology.

Presentations and appearances at conferences, from which new knowledge is generated, are obviously also important for the Department. During the year, the Department organised a discussion on the topic: *"'n Blik op eenheid, versoening en geregtigheid, 25ste bestaansjaar van Kerk en Samelewing, en die Belydenis van Belhar"* ["A glance a unity, reconciliation and justice. The 25th year of existence of Church and Community and the Confession of Belhar"] together with the Department of Church History and Polity. Profs Piet Strauss, Dirkie Smit and Piet Naudé appeared as main speakers.

Prof. Venter delivered a paper on the theme "Towards an ethics of food and eating: The shape of the challenge" at a conference of the Theological Society of South Africa. Ms Taljaard attended the IRTI International conference, which was held in Potchefstroom, South Africa. Both Venter and Taljaard appeared on various other occasions, delivering popular-academic presentations, especially where ministers were present. Taljaard, for example spoke at Mamelodi in Pretoria on "Church, public life and globalisation in the reformed tradition", and Venter in Upington on *"Trinitariese herontdekking: Implikasies vir die bediening"* ["Trinitarian rediscovery: Implications for the ministry"].

The following general activities by the Department and lecturers can also be mentioned: Prof. Venter visited Morija Theological Seminary, Lesotho, and the KZN School of Religion and Theology, and had discussions on theological training and institutional cooperation. The Department was also involved in the *Project Alpha* together with the Centre for Accounting at the UFS, and helped evaluate student projects on Business Ethics. Various articles were externally evaluated for accredited journals, as well as M dissertations and D theses for other universities. In the religious field, a number of sermons were preached in communities of various denominations.

*New lecturer: Me. Anlené Taljaard.*

*Guest lecturer: Prof. Jim Corkery.*





# DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE

PERSONEEL

**Departementshoof:** Prof. Kobus Schoeman

**Dosente:** Prof. Jan-Albert van den Berg; Dr. Gordon Dames; Di. Martin Laubscher en Joseph Pali

**Navorsingsgenote:** Proff. Johan Janse van Rensburg, Ruard Ganzevoort; Drs. Annemarie de Beer, Lyzette Hoffman, Madelein Fourie, Ben Joubert, Elsabé Kloppers, Johan Nel, Karel Prinsloo, Adelbert Scholtz, Theo Swart; Roger Tucker, Danie van Tonder, Cas Wepener, Aneel Yousaf

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 2668
**E-pos:** schoemanw@ufs.ac.za


Die jaar 2011 het vir die Departement Praktiese Teologie verskeie opwindende gebeurtenisse opgelewer. Die akademiese program het 'n normale verloop gehad, terwyl die nuwe Honneurs- en Magisterprogram (Honneurs en Magister in Theologia Praxis) verder gevestig en uitgebrei is. Geslaagde doktorale werkswinkels is twee keer per jaar vir doktorale studente en navorsingsgenote gehou. Die doel van die werkswinkels was om die kritiese gesprek rakende navorsing binne die studieveld van die Praktiese Teologie te verhoog. Die begeleiding en vorming van studente vir die bediening bly 'n belangrike prioriteit in die Departement en daarom is die 12 studente wat die gemeentejaarprogram voltooi het en aan die einde van die jaar gelegitimeer is, 'n belangrike gebeurtenis.

Die Departement het gedurende die jaar 'n wisseling in personeel ondervind. Dr. Gordon Dames het die diens van die Departement en die UV op 31 Mei 2011 verlaat en 'n pos by Unisa aanvaar. Ds. Martin Laubscher is as nuwe dosent in Liturgiek en Homiletiek aangestel en het op 1 Desember 2011 diens aanvaar. 'n Pos vir 'n programkoördineerder is in die Departement geskep en op 1 November deur me. Annelize Dreyer gevul. Me. Lena Herselman, sekretaresse vir etlike jare, het die Departement ook verlaat. Sy word bedank vir haar jarelange diens. Voorts was daar nege deeltydse personeellede aan die Departement verbonde wat met doseerwerk behulpsaam was.

Die Departement se akademiese navorsinguitsette is ook verder versterk deur 'n aantal navorsingsgenote wat aan die Departement verbonde is. Beide prof. Johan van Rensburg en dr. Cas Wepener wat as navorsingsgenote aan die Departement verbonde is, is NNS-gegradeerde navorsers. Dr. Wepener het egter gedurende die jaar 'n pos by die UP aanvaar en sy formele verbintenis met die Departement het gevolglik tot 'n einde gekom. Prof. Jan-Albert van den Berg het gedurende die jaar die status van 'n NNS-gegradeerde verkry.

Verskeie dosente het gereeld referate by nasionale en internasionale kongresse gelewer en vakwetenskaplike en populêre publikasies gepubliseer. Die personeel van die Departement het ook die jaarlikse kongres van die PTSA (18 tot 20 Januarie 2011, by Unisa) bygewoon en daar enkele referate gelewer. Twee personeellede het verder ook gedurende die jaar internasionale kongresse bygewoon. Prof. Schoeman het die International Society for the Sociology of

*Prof. Kobus Schoeman tydens 'n doktorale werkswinkel.*



# DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE

Religion (ISSR) se kongres in Aix-en-Provence (Frankryk) bygewoon en 'n referaat gelewer, getiteld: "Small congregations in a rural community – a South African case study". Proff. Jan-Albert van den Berg en Kobus Schoeman het ook die kongres van die International Association of Practical Theology (IAPT) in Amsterdam bygewoon en elk 'n referaat tydens die kongres gelewer. Prof. Van den Berg se referaat het as tema gehad: "*Locus Theologicus* as next-generation architecture – Annotations to the design of a biographical *theologia habitus* in the future workplace" en die van prof. Schoeman (saam met prof. Malan Nel): "Empirical and contextual congregational analysis – meeting social and divine desires".

Die Departement het verskeie gaste deur die loop van die jaar ontvang. Die president van die IAPT, prof. Bonnie Miller-McLemore (Vanderbilt-universiteit, Tennessee) het die Departement aan die begin van Januarie 2011 besoek en onder andere 'n gaslesing gelewer. Die hoogtepunt van die jaar was ongetwyfeld die besoek van prof. Ruard Ganzevoort (van die VU). Hy het die Departement van 1 tot 5 Augustus 2011 besoek en 'n waardevolle bydrae gelewer tot die Honneurs- en Magisterprogram. Die bande met die VU is met die besoek versterk en daar word uitgesien na verdere samewerking in die toekoms. Pastoor Theo Geyser en dr. Deon Bester het ook die Departement besoek en gaslesings binne die studieveld van Homiletiek gelewer.

Die skakelingsprojek met die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aan die Universiteit van Stellenbosch (US) is verder uitgebou. Dosente word op 'n jaarlikse basis uitgeruil. Dr. Christo Tessenaar besoek die UV gedurende Mei 2011 en prof. Schoeman die US gedurende Oktober 2011. Dr. Tessenaar het ook 'n baie suksesvolle werkswinkel oor "The healing of memory" kom aanbied.

Die Departement het op verskeie vlakke 'n gemeenskapsgerigtheid en -betrokkenheid. Dit kom onder andere na vore in die betrokkenheid by diensleerprojekte. Drie projekte het deur die loop van die jaar aandag gekry en kan vermeld word: die Aurora-sentrum, die Horizon-diensleerprojek (Care for the Care-giver) en die betrokkenheid by die Torings van Hoop se middestadbediening.



*Prof. Van den Berg lewer 'n referaat tydens die IAPT-kongres.*

# DEPARTMENT OF PRACTICAL THEOLOGY

STAFF

**Head of Department:** Prof. Kobus Schoeman

**Lecturers:** Prof. Jan-Albert van den Berg; Dr Gordon Dames; Revs Martin Laubscher, Joseph Pali

**Research fellows:** Profs Johan Janse van Rensburg, Ruard Ganzevoort; Drs Annemarie de Beer, Lyzette Hoffman, Madelein Fourie, Ben Joubert, Elsabé Kloppers, Johan Nel, Karel Prinsloo, Adelbert Scholtz, Theo Swart, Roger Tucker, Danie van Tonder, Cas Wepener, Aneel Yousaf

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 2668
**Email:** schoemanw@ufs.ac.za

The year 2011 produced a number of exciting events for the Department of Practical Theology. The academic programme took its usual course, while the new Honours and Master's programmes (Honours and Master's in Theologia Praxis) were further established and expanded. Successful doctoral workshops are held twice per year for doctoral students and research fellows. The purpose of the workshops is to increase critical discussion on research within the study field of practical theology. Assisting and forming students for the ministry remains an important priority in the Department: this is why it was a highlight when the 12 students who completed their congregation year programme were admitted to the ministry at the end of the year.

During the year the Department experienced a change of staff. Dr Gordon Dames left the service of the Department and the UFS on 31 May 2011 to accept a post at Unisa. Rev. Martin Laubscher was appointed as the new lecturer in Liturgy and Homiletics, accepting his duties on 1 December 2011. A post for a programme coordinator was created in the Department, which was filled by Ms Annelize Dreyer as from 1 November. Ms Lena Herselman, secretary for a number of years, left the Department. She was thanked for her many years of service to the Department. Furthermore, there were nine part time staff members attached to the Department, assisting with lecturing duties.

The academic research outputs of the Department were strengthened by a number of research fellows who are attached to the Department. Both Prof. Johan van Rensburg and Dr Cas Wepener, research fellows of the Department, are NRF-graded researchers. Dr Wepener however accepted a post at the UP during the year and his formal connection with the Department therefore came to an end. Prof. Jan-Albert van den Berg received NRF rating during the year.

Various lecturers present papers regularly at national and international conferences and publish in scientific and popular publications. Staff members of the Department also attended the PTSA conference annually (18 to 20 January 2011 at Unisa) and presented their papers. Furthermore, two staff members attended international conferences during the year. From 30 June to 3 July 2011, Prof. Schoeman attended the International Society for the Sociology of Religion (ISSR) conference in Aix-en-Provence (France). He delivered a paper titled: "Small congregations in a rural community – a South African case study." Profs Jan-Albert van den Berg and Kobus Schoeman attended the International Association of Practical Theology (IAPT) conference in Amsterdam (21 to 26 July), each presenting a paper during the conference. Prof. Van den Berg's paper was on the theme: "*Locus Theologicus* as next-generation architecture – Annotations to the design of a biographical *theologia habitus* in the future workplace" and Prof. Schoeman (together with Prof. Malan Nel) presented his paper on the theme: "Empirical and contextual congregational analysis – meeting social and divine desires".

# DEPARTMENT OF PRACTICAL THEOLOGY

During the course of the year, the Department received a number of guests. The president of the IAPT, Prof. Bonnie Miller-McLemore (Vanderbilt University, Tennesee) visited the Department at the beginning of January 2011 and presented a guest lecture, amongst other things. The highlight of the year was undoubtedly the visit of Prof. Ruard Ganzevoort (of the VU). He visited the Department from 1 to 5 August 2011, and made a valuable contribution towards the Honours and Master's programmes. The ties with the VU were strengthened with this visit and the Department looks forward to further cooperation in the future. Pastor Theo Geyser and Dr Deon Bester also visited the Department to deliver guest lectures within the study field of Homiletics.

The liaison project with the Department of Practical Theology and Missiology of the University of Stellenbosch was expanded further. Lecturers are exchanged on an annual basis. Dr Christo Tessenaar visited the UFS during May 2011 and Prof. Schoeman visited the US during October 2011. Dr Tessenaar held a very successful workshop on "The healing of memory".

The Department is also involved in community service on a number of levels. This is especially obvious in its involvement in Service Learning projects. Three projects received attention during the course of the year and deserve mention: the Aurora Centre, the Horizon Service Learning project "Care for the Care-giver" and the involvement in the Towers of Hope city centre ministry.

*New lecturer: Rev. Martin Laubscher.*



# DEPARTEMENT EKKLESIOLOGIE

PERSONEEL

**Departementshoof:** Prof. Piet Strauss

**Dosent:** Me. Helené van Tonder

**Geaffilieerde Professor:** Prof. Dolf Britz

**Buitengewone Professore:** Proff. Erik de Boer, Hoffie Hofmeyr, Adriaan Neele

**Navorsingsgenote:** Prof. Ken Minkema; Drs. Hannes Breytenbach, Bertus Celliers, Victor d'Assonville, Fanus Erasmus, Lourens Erasmus, Gerard Meijer; Di. Eric Kayayan, Jan Lubbe

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 2671
**E-pos:** straussp@ufs.ac.za

Die hoogtepunte van 2011 vir die Departement Ekklesiologie lê oor die drie terreine van die Universiteit versprei.

By onderrig en leer is 'n nuwe aanstelling gemaak in die persoon van Me. Helené van Tonder wat op 1 Julie 2011 diens aanvaar het. Sy doseer Kerkgeskiedenis. In die kursus EKK 314 is die departement versterk deur prof. Adriaan Neele van die Yale-universiteit in die VSA (die koppeling kom deur die bestaan van die Jonathan Edwards-sentrum aan die Fakulteit) wat saam met prof. R.M. Britz vir hierdie kursus verantwoordelikheid neem. Met Neele het die Departement vier doktorale studente uit die VSA bygekry. Voorts doseer prof. P.J. Strauss Kerkgeskiedenis, Dogmageskiedenis en Kerkreg en ds. Jan Lubbe doseer Kerkgeskiedenis (tydelik deeltyds) in die departement.

Die lede van die Departement het bewese goeie kontak met akademici buite Suid-Afrika. Die toevoeging van die Jonathan Edwards-sentrum tot die Fakulteit het gevolg op prof. Britz se kontak met lede van die Yale-universiteit in die VSA. Hy dien ook op die presidium van die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing. Prof. Strauss is in 2011 as lid van die adviesraad van die teologiese tydskrif *Theologia Reformata* in Nederland aangewys. Hy het ook 'n referaat by die eerste internasionale kongres vir Kerkreg, van 7-11 November 2011 in Utrecht, Nederland, gelewer.



*Nuwe dosent: Me. Helené van Tonder.*

Wat navorsing betref, het Ekklesiologie deur sy doseerpersoneel en navorsingsgenote in 2011 nie minder nie as 11,5 geakkrediteerde artikels of hoofstukke in boeke gelewer. Die navorsingsverslag van die UV vir 2010 (wat in 2011 gepubliseer is), het ook getoon dat prof. P.J. Strauss in daardie jaar onder die eerste tien dosente van die UV was wat die getal artikels in geakkrediteerde akademiese tydskrifte betref. Die Departement lewer reeds oor 'n lang tyd goeie resultate op hierdie gebied.

Voorbeelde van enkele publikasies in 2011 afkomstig uit die Departement is die volgende: Prof. A. Neele het opgetree as die redakteur van die boek *Jonathan Edwards and Scotland* en het self ook 'n hoofstuk daarin gelewer. Hierdie werk het in Edinburgh by University Press verskyn. Prof. P.J. Strauss se "Kerk en Samelewing ná 25 jaar" handel oor die relevansie van hierdie bekende dokument van die Algemene Sinode van 1986 van die NG Kerk. Dit het in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* verskyn.

Wat samelewingsdiens betref, het prof. Strauss ná 17 jaar uitgetree as lid van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk. Hy was die afgelope vier jaar, van 2007 tot 2011, moderator. Hy en ds. Lubbe dien op etlike kerklike kommissies waar veral hulle kennis van die Kerkreg in aanvraag is.

# DEPARTMENT OF CHURCH HISTORY AND POLITY

STAFF

**Head of Department:** Prof. Piet Strauss

**Lecturer:** Ms Helené van Tonder

**Affiliated Professor:** Prof. Dolf Britz

**Professors Extraordinary:** Proff. Erik de Boer, Hoffie Hofmeyr, Adriaan Neele

**Research Fellows:** Prof. Ken Minkema; Drs Hannes Breytenbach, Bertus Celliers, Victor d'Assonville, Fanus Erasmus, Lourens Erasmus, Gerard Meijer; Revs Eric Kayayan, Jan Lubbe

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 2671
**Email:** straussp@ufs.ac.za

The 2011 highlights for the Department are spread over the three terrains of the university.

In teaching and learning, a new appointment was made in the person of Ms Helené van Tonder, who accepted her appointment on 1 July 2011. She lectures in Church History. In the course EKK 314, the department has been strengthened by Prof. Adriaan Neele of Yale University in the USA (this connection has been made possible through the existence of the Jonathan Edwards Centre at the Faculty), who is responsible for this course together with Prof. R.M. Britz. Together with Neele, the department has also been strengthened by four doctoral students from the USA. Also part of the department are Prof. P.J. Strauss (Church History, Dogma History and Church Polity) and Rev. Jan Lubbe (Church History – part time).

The members of the department have proven to have good contacts with academics outside South Africa. The addition of the Jonathan Edwards Centre to the Faculty followed Prof. Britz's contact with members of Yale University in the USA. Prof. Britz also serves on the presidium of the International Congress for Research on Calvin. Prof. Strauss was appointed to the advisory board of the theological journal *Theologia Reformata* in the Netherlands. He also presented a paper at the first international conference on Church Polity, from 7 to 11 November 2011 in Utrecht, the Netherlands.

With regard to research, the lecturing staff and research fellows of Church History and Polity produced no fewer than 11.5 accredited articles or chapters in books. The research report of the UFS for 2010 (which was published in 2011) also showed that Prof. P.J. Strauss was among the top ten lecturers at the UFS with regard to the number of articles published in accredited journals in that year. This Department has a long history of producing good results in this field.

Examples of a couple of publications from the Department in 2011 are the following: Prof. A. Neele was editor of the book "Jonathan Edwards and Scotland" and also produced a chapter in the book. This work was published in Edinburgh by University Press. Prof. P.J. Strauss's "Kerk en Samelewing ná 25 jaar" ["Church and Community after 25 years"] deals with the relevance of this well known document of the 1986 General Synod of the Dutch Reformed Church. It appeared in the Dutch Reformed Theological Journal.

In terms of community service, Prof. Strauss retired as member of Synodal Board of the General Synod of the Dutch Reformed Church after 17 years of service. For the past four years, from 2007 to 2011, he was moderator. Prof. Strauss and Rev. Lubbe served on a number of church commissions where their knowledge was in demand, especially in the field of Church Polity.



*Speakers at a conference on the Belhar Confession and "Kerk and Samelewing": Anlené Taljaard, Piet Strauss, Piet Naudé, Dirkie Smit, and Helené van Tonder.*

# DEPARTEMENT SENDINGWETENSKAP

PERSONEEL

**Departementshoof:** Prof. P. Verster

**Navorsingsgenote:** Proff. Dons Kritzinger, Phil Robinson; Drs. Frans Hancke, Gideon van der Watt

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 2972
**E-pos:** versterp@ufs.ac.za

Die Departement Sendingwetenskap het in 2011 steeds op die terreine van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens 'n stewige bydrae gelewer. Prof. Pieter Verster het gedurende dié jaar verskeie buitelandse besoeke gebring waardeur die betekenis van die vak Sendingwetenskap uitgebou kon word. Hy het onder andere in Maart 'n besoek aan Kenia gebring waar die kongres van die Daystar Christian University oor die tema "Now and Next – Together in Mission – Theological Conference on Children", in Nairobi bygewoon is. In November is 'n tweede besoek aan Nairobi, Kenia, rakende dieselfde tema gebring. Prof. Verster het verder ook Granada in Spanje besoek en 'n referaat gelewer oor die tema "A Christological Approach to Poverty in Africa: Following Christ amidst the Needy" tydens die Ninth International Conference on New Directions in Humanities, gedurende Junie 2011. Die konferensie "Mission in Context" is gedurende Oktober in Bellville bygewoon.



Prof. Verster saam met 'n groep studente tydens die sendingtoer.

Die Departement het gedurende Mei ook 'n tweede internasionale kongres met betrekking tot Sendingwetenskap aangebied en wel oor die tema "Good News for the Poor and the Sick". Verskeie internasionale sprekers het by dié geleentheid opgetree: proff. J. Kügler (Duitsland), Nalini Arles (Indië) en L. Togarasei (Botswana). Referate is ook by die kongres deur verskeie persone gelewer wat aan die Departement verbonde is, naamlik prof. Verster, dr. Frans Hancke, prof. Dons Kritzinger en dr. Gideon van der Watt.

'n Geslaagde sendingtoer na Durban is met 13 studente gedurende April onderneem. Prof. Dons Kritzinger, navorsingsgenoot, het pas 'n boek oor die NG Kerk se Franse sending vir die Christelike Lektuurfonds (CLF) geredigeer. Dr. Frans Hancke, eweneens 'n navorsingsgenoot, het by tien geleenthede gemeenteleiers in verskillende gemeentes toegerus met materiaal wat spruit uit sy vroeëre studies aan die UV. Dit word ook in vennootskap met Shepherd aangewend wat weer in vennootskap met UCO 'n weergawe van die materiaal gebruik as 'n standaardkursus. Die materiaal word ook in die tweede jaar van die MDiv in Sendingwetenskap gebruik. Tydens prof. Nalini Arles (van Indië) se besoek aan die UV is 'n kort VBO-geleentheid vir predikante in Kimberley deur dr. Hancke gereël. Hy het ook 'n opleidingsgeleentheid vir predikante van die Dutch Reformed Church in Botswana in Gaborone aangebied. Prof. Phil Robinson was betrokke by die aanbieding van die kursus oor Geestelike Leierskap van die Universiteit van die Vrystaat se Fakulteit Teologie in die Wes-Kaap en het weer drie modules aangebied, te wete "Christian Faith amidst other Faiths", "Perspectives from Systematic Theology", en "Perspectives from Missiology". Hy het ook so pas 'n bydrae voltooi vir 'n publikasie oor die sendingperspektiewe in die Ou Testament, naamlik "Mission Perspectives in the Book of Jeremiah". Dr. Gideon van der Watt (eweneens 'n navorsingsgenoot) het op 24 Maart 2011 op uitnodiging 'n lesing by die Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap (SAMS) in Pretoria gehou oor die tema "Tokyo 2010: Global Mission Consultation and Celebration – Reflecting on mission in and from the Global-South". Hy is ook verantwoordelik vir die ontwikkeling van bedieningsliteratuur vir verskillende kerke. Drs. Gideon Petersen en Josef Steurer het hulle doktorsgrade in die Departement verwerf.

# DEPARTMENT OF MISSIOLOGY


STAFF

**Head of Department:** Prof. P. Verster

**Research Fellows:** Profs Dons Kritzinger, Phil Robinson; Drs Frans Hancke, Gideon van der Watt

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 2972
**Email:** versterp@ufs.ac.za


The Department of Missiology made substantial contributions in the fields of teaching and learning, research and community service during 2011. During the year, Prof. Pieter Verster paid a number of overseas visits by means of which the meaning of the subject of Missiology could be expanded. Amongst others, he paid a visit to Nairobi, Kenya in March, where he attended a Daystar Christian University conference on the theme "Now and Next – Together in Mission – Theological Conference on Children". A second visit to Nairobi, Kenya, was paid in November, on the same theme. In June 2011 Prof. Verster also visited Granada in Spain, where he delivered a paper on the theme "A Christological Approach to Poverty in Africa: Following Christ amidst the Needy" during the Ninth International Conference on New Directions in Humanities. The "Mission in Context" conference in Bellville was attended in October.

In May 2011, the Department presented a second International Congress on Missiology, with the theme "Good News for the Poor and the Sick". Various international speakers appeared at this event: Profs J. Kügler (Germany), Nalini Arles (India) and L. Togarasei (Botswana). Papers were delivered at this conference by various persons attached to the Department, namely Prof. Verster, Dr Frans Hancke, Prof. Dons Kritzinger and Dr Gideon van der Watt.



*At the international conference on poverty and HIV/AIDS: Profs Joachim Kügler (Germany), Nalini Arles (India) and Lovemore Togarasei (Botswana).*

A successful missionary tour to Durban was undertaken in April, with 13 students. Prof. Dons Kritzinger, research fellow, recently edited a book for CLF on the Dutch Reformed Church's French mission. Dr Frans Hancke, also a research fellow, equipped the parish leaders of various parishes on ten occasions with material that had resulted from his earlier studies at the UFS. This was also done in partnership with Shepherd, which in turn uses the material as a standard course in partnership with Universal College Outcomes (UCO). The same material is also used in the MDiv second year in Missiology. During the visit of Prof. Nalini Arles (from India) to the UFS, a short Continued Ministry Training (CMT) opportunity was arranged for ministers in Kimberley by Dr Hancke. He also presented a training opportunity for ministers of the Dutch Reformed Church in Gabarone, Botswana. Prof. Phil Robinson was involved in the presentation of the Faculty of Theology's course on Spiritual Leadership in the Western Cape. He again presented three modules: Christian Faith amidst other Faiths, Perspectives from Systematic Theology, and Perspectives from Missiology. Prof. Robinson also recently completed a contribution for a publication on mission perspectives in the Old Testament, namely "Mission Perspectives in the Book of Jeremiah". Dr Gideon van der Watt (also a research fellow) presented a lecture on the theme "Tokyo 2010: Global Mission Consultation and Celebration – Reflecting on Mission in and from the Global South" in Pretoria, upon invitation of the Southern African Missiological Society (SAMS). He was also responsible for the development of ministry literature for various churches. Drs Gideon Petersen and Josef Steurer received their doctorates in the Department.

# RELIGIEKUNDE

PERSONEEL

**Departementshoof:** Ds. Maniraj Sukdaven

**Navorsingsgenote:** Proff. Daan Pienaar, Fanie Riekert, Vanessa Sasson; Dr. Obed Kealotswe

KONTAKBESONDERHEDE:

**Tel.:** +27(51) 401 3272
**E-pos:** sukdavenm@ufs.ac.za



*Sprekers by die kongres oor godsdiens en versoening. Voor: Drs. Frank Chikane en Mathole Motshegka. Agter: Ds. Maniraj Sukdaven en Prof. Allan Boesak.*

Vir die afgelope twee jaar was die Departement Religiekunde besig om 'n nuwe benadering tot Religiekunde aan die UV te ondersoek wat 'n meer relevante impetus met betrekking tot die behoeftes en vrese van die Afrika-kontinent as sy fokus sal hê. Hierdie is 'n deurlopende proses en behoort teen die einde van 2012 voltooi te wees.

Buiten dit, is die Departement besig met verskeie ander aktiwiteite:

- Prof. Martin Prozesky is gekies as die eerste ontvanger van 'n besoekende Prestige-navorsertoekenning wat deur die Fakulteit Teologie ingestel is. Hy sal deur die Departement Religiekunde vanaf 1 tot 30 Maart 2012 gehuisves word en gedurende hierdie tyd sal hy 'n navorsingsprojek vir publikasie voltooi en ten minste een lesing aanbied.
- Die evaluering van die Departement is in 2011 uitgevoer ooreenkomstig die riglyne van die UV. Drie evalueerders het aan hierdie proses deelgeneem. Hulle was proff. Cornelia Roux (Noordwes-Universiteit), Martin Prozesky (Prestige-navorser by UKZN) en Francis Rakotsoane (Universiteit van Lesotho). Die evaluering het 'n aantal uitdagings met betrekking tot kursusinhoud en kapasiteit blootgelê wat aandag benodig.
- Met die visie van die Departement om interdissiplinêre verhoudinge aan te knoop met ander departemente en fakulteite, is suksesvolle onderhandelinge onderneem wat gelei het tot die ontwikkeling van 'n module op honneursvlak (vlak 8) vir die Departement van Regeerkunde en Politieke Transformasie. Hierdie module sal in Januarie 2012 aangebied word. Die module sentreer rondom die verstaan van "Religie, Etiek en Regeerkunde".
- In Julie 2011 het die Departement 'n baie suksesvolle kongres oor godsdiens en versoening gehou. Die kongres is oor twee dae aangebied en ongeveer 170 mense het dit bygewoon. Sprekers by hierdie kongres was vooraanstaande akademici van verskeie godsdienstige oortuigings. Dit het groot byval gevind en is as relevant en uitdagend beoordeel. Dit het ook die aandag van die regering getrek. Hierdie kongres het impetus verleen vir toekomstige kongresse met ander akademiese instellings wat oor sosio-godsdienstige aangeleenthede sal handel.
- Die Departement is ook genooi om aan 'n adviesforum oor intergeloofskwessies deel te neem na aanleiding van die inisiatief van die nasionale regering. Dit het by die Parlementsgebou in Kaapstad plaasgevind.
- 'n Module word tans ontwikkel vir die nuwe MA in Bybelvertalingbestuur (Gestruktureerde Program) wat op Teologie, Religiekunde en Kultuur sal fokus.
- Gedurende die tweede semester van 2011 was die Departementshoof met studieverlof en het Prof. Pieter Verster as Departementshoof waargeneem.

# RELIGION STUDIES

STAFF

**Head of Department:** Rev. Maniraj Sukdaven

**Research Associates:** Profs Daan Pienaar, Fanie Riekert, Vanessa Sasson; Dr Obed Kealotswe

CONTACT DETAILS:

**Tel:** +27(51) 401 3272
**Email:** sukdavenm@ufs.ac.za



*Rev. Maniraj Sukdaven*

For the past two years the Department of Religion Studies has been investigating a new approach to Religion Studies at the UFS which will have as its focus a more relevant impetus in terms of the needs and concerns of the African continent. This is an ongoing process and should see completion by the end of 2012.

Apart from this, the Department is busy with several other activities:

- Prof. Martin Prozesky was selected as the first recipient of a visiting Prestige Researcher Award established by the Faculty of Theology. He will be hosted by the Department of Religion Studies from 1 to 30 March 2012, during which time he will complete a research project for publication and present at least one lecture.
- The evaluation of the Department was conducted in 2011 according to the guidelines of the UFS. Three evaluators participated in this process. They were Profs Cornelia Roux (North-West University), Martin Prozesky (Prestige Researcher at UKZN) and Francis Rakotsoane (University of Lesotho). The evaluation revealed a number of challenges that need attention with regard to course content and capacity.
- With the vision of the Department to enter into interdisciplinary relationships with other departments and faculties, successful negotiations were undertaken resulting in the development of a module at Honours level (Level 8) for the Department of Governance and Political Transformation. This module will be offered in January 2012. The module centres on the understanding of "Religion, Ethics and Governance".
- In July 2011 the Department hosted a very successful conference on Religion and Reconciliation. The conference was conducted over two days and approximately 170 people attended. Speakers at this conference were prominent academics of various religious persuasions. It was widely acclaimed and judged to be relevant and challenging, and also drew the attention of the government. This conference has given impetus for future conferences with other academic institutions which will engage matters of socio-religious concerns.
- The Department was also invited to participate in a consultative forum on inter-faith issues upon the initiative of the national government. This took place in the Parliamentary Buildings in Cape Town.
- A module is currently being developed for the new MA in Bible Translation Management (Structured Programme) which will focus on Theology, Religion Studies and Culture.
- During the second semester of 2011 the HOD was on study leave and Prof. Pieter Verster acted as HOD.

# JONATHAN EDWARDS CENTRE AFRICA

PERSONEEL


**Direkteur:** Prof. Rudolph Britz


**Buitengewone Hoogleraar:** Prof. Adriaan Neele

**Navorsingsgenote:** Prof. Ken Minkema; Drs. Junius Johnson, Mark Jones

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 2546
**E-pos:** britzrm@ufs.ac.za




Die Jonathan Edwards Centre Africa aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) het sy ontstaan in Maart 2009 gehad binne die bestek van 'n amptelike ooreenkoms tussen Yale Universiteit en die UV. Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir navorsing, onderrig en publikasie in die veld van Edwards-studies, met die klem op primêre bronne en die resepsie van Edwards in Afrika-kerke en -teologie. Prof. R.M. Britz is aangestel as die Direkteur van die Afrika-sentrum en prof. Adriaan Neele as Buitengewone Hoogleraar in Jonathan Edwards-studies. Prof. Neele tree op as die amptelike koördineerder van die ooreenkoms by Yale Universiteit. Beide proff. Neele en Britz dien op die redaksionele raad van die *Jonathan Edwards On-line Journal*, gesetel by Yale Universiteit.

Die Afrika-sentrum het vier navorsingsmedewerkers aangestel: dr. Junius Johnson (Yale-universiteit), prof. Ken Minkema (Yale-universiteit), dr. Mark Jones en prof. Adriaan Neele. Drie geakkrediteerde navorsingsartikels en twee boeke maak die voorgelegde navorsingsuitset vir 2011 uit.

Die Sentrum het sigself gevestig as 'n erkende onderrigeenheid. Die inhoud van die voorgraadse module wat aan die Fakulteit Teologie (UV) onderrig word, is ontwikkel in samewerking met en goedgekeur deur die Yale-sentrum. Dit het studente blootgestel aan die primêre teologiese bronne van die 16de-18de eeu binne die omvang van 'n internasionale onderrig- en leerervaring. Die eerste magisterstudent van die Sentrum, ds. Ntabanyane Tseuoa, gradueer in 2012. Sy studie het 'n vertaling van die Suid-Sotho preke in Engels ingesluit om sodoende primêre bronne vir verdere ondersoek toeganklik te maak. Drie studente in die magisterprogram sal hul studies in 2012 voltooi. Twee internasionale studente (van Lesotho en Botswana onderskeidelik) is toegelaat tot die pre-registrasiefase vir die program. Die Sentrum het ook sy eerste PhD-kandidate ingeskryf: ds. Pieter Boon (Suid-Afrika), ds. Peter Yung (Korea), prof. Don Whitney (VSA) en ds. Ryan McGraw (Kanada). Vier verdere kandidate is toegelaat tot die PhD-program en word tans in die pre-registrasiefase geakkommodeer. Alle nagraadse studente ontvang studieleiding deur erkende internasionale vakwetenskaplikes.

'n Betekenisvolle projek wat die Afrika-sentrum fasiliteer, bestaan uit die digitalisering van die argiefstukke versamel by die Morija-argiewe en -museum in Lesotho. Hierdie is 'n gesamentlike onderneming van die Lesotho Evangelical Church (LEC), die biblioteek van die Yale Divinity School en die uitgewers Brill. Die wedersydse ooreenkomste is in die finale stadium van afhandeling. Hierdie projek sal primêre Afrika- historiese en teologiese bronne wat tot 1833 terugdateer op 'n digitale platform beskerm, ten einde vir navorsing gebruik te word. Dit sal akademiese geloofwaardigheid aan die Morija-argiewe verleen en LEC Theological Seminary 'n voorkeursentrum vir internasionale navorsing maak.

By die wêreldvergadering van die Jonathan Edwards-sentrums in Wraclaw, Pole, gedurende die eerste week van Junie 2011, het die Afrika-sentrum erkenning ontvang vir sy buitengewone pogings om betrokke te raak by nagraadse studente en navorsing. Die Sentrum word al meer geassosieer met hoëgehalte nagraadse studieleiding en navorsing en is besig om sigself in die verband te onderskei.

# JONATHAN EDWARDS CENTRE AFRICA

STAFF

**Director:** Prof. Rudolph Britz

**Professor Extraordinary:** Prof. Adriaan Neele

**Research fellows:** Prof. Ken Minkema; Drs Junius Johnson, Mark Jones

CONTACT DETAILS

**Tel.:** +27(51) 401 2546
**Email:** britzrm@ufs.ac.za

The inception of the Jonathan Edwards Centre Africa at the University of the Free State (UFS) took place in March 2009 within the ambit of an official agreement between Yale University and the UFS. The agreement provided for research, teaching and publication in the field of Edwards studies, with an emphasis on primary sources and the reception of Edwards in African churches and theology. Prof. R.M. Britz was appointed as the Director of the Africa Centre and Prof. Adriaan Neele as Professor Extraordinary in Jonathan Edwards Studies. Prof. Neele acts as the official coordinator of the agreement at Yale University. Both Profs Neele and Britz serve on the editorial board of the *Jonathan Edwards On-line Journal*, based at Yale University.

The Africa Centre appointed four research associates: Dr Junius Johnson (Yale University), Prof. Ken Minkema (Yale University), Dr Mark Jones and Prof. Adriaan Neele. Three accredited research articles and two books constitute the submitted research output for 2011.

The Centre has established itself as a recognised teaching unit. The content of the undergraduate module it teaches at the Faculty of Theology (UFS) was developed in cooperation with and approved by the Yale Center. This module exposes students to primary theological sources of the 16$^{th}$-18$^{th}$ centuries within the range of an international teaching and learning experience. The first Master's student of the Centre, Reverend Ntabanyane Tseuoa, graduates in 2012 on *A Critical Historical Study of the Sermons (1863-1881) of the Missionaries of the Paris Evangelical Mission Society in Basutholand.* This study includes a translation of the Sesotho sermons into English, thus opening primary sources for further investigation. Three students in the Master's programme will be completing their studies in 2012. Two international students (from Lesotho and Botswana respectively) were admitted into the pre-registration phase for the programme. The Centre also enrolled its first PhD candidates: Rev. Pieter Boon (South Africa), Rev. Peter Yung (Korea), Prof. Don Whitney (USA) and Rev. Ryan McGraw (Canada). Four further candidates were admitted to the PhD programme and are currently accommodated in the pre-registration phase. All postgraduate students are supervised by recognised international scholars.

A significant project that the Africa Centre is facilitating comprises the digitalisation of the archival sources collected at the Morija Archives and Museum in Lesotho. This is a joint venture of the Lesotho Evangelical Church (LEC), the Library of the Yale Divinity School and Brill Publishers. The mutual agreements are in the final stages of conclusion. This project will secure primary African historical and theological sources dating back to 1833 on a digital platform, to be utilised for research. It will add academic credibility to the Morija Archives and LEC Theological Seminary as a centre of preference for international research.

At the global meeting of Jonathan Edwards Centres in Wraclaw, Poland, during the first week of June 2011, the Africa Centre received recognition for its outstanding efforts to engage with postgraduate students and research. The Centre is becoming more and more associated with high-quality postgraduate supervision and research and is distinguishing itself in this regard.

The Jonathan Edwards Center Africa at the University of the Free State

# SHEPHERD: SENTRUM VIR DIE BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS

PERSONEEL

**Direkteur:** Dr. Gerhard Botha

Dr. Gretha Heymans

KONTAKBESONDERHEDE

**Tel.:** +27(51) 401 3995/3803
**E-pos:** bothagp@ufs.ac.za

Gedurende 2011 was dit weer Shepherd se voorreg om geestelike leiers wat God se kudde versorg, te ondersteun. Shepherd is bevoorreg om hierdie ondersteuning aan die totale kerklike landskap te bied. In praktyk kom dit daarop neer dat ondersteuning op verskeie vlakke aan Christelike geloofs- en kerkgemeenskappe en hulle leiers verleen word. Ondersteuning vind deurentyd op persoonlike vlak plaas, waar predikante, pastore en lekepredikers met persoonlike en bedieningsbehoeftes Shepherd konsulteer. Verder word verskeie gemeentes en kerke in die Vrystaat bygestaan met evaluering van bestaande bedieningspatrone en die ontwikkeling van nuwe doelwitte ten opsigte van gemeente-ontwikkeling en -groei.

Shepherd lewer ook aan 'n baie groot verskeidenheid inheemse kerke opleidingsmoontlikhede. Aan die einde van 2011 het 56 studente geregistreer vir die eerste kort leerprogram in gemeentebediening en wel te Bloemfontein, Pretoria en Soweto. Die Fakulteit het ook 'n formele ooreenkoms met Universal College Outcomes (UCO) gesluit deur wie hierdie kursusse aangebied sal word. UCO het 21 kampusse in Suid Afrika en gee aan Shepherd ruimte om by al hierdie plekke studente toe te rus.



Dr. Gerhard Botha tydens 'n werkswinkel vir Afrika-eie kerke.

